RAPPORTEERBAAR

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(KAAP DIE GOEIE HOOP PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER: A.264/05

DATUM: 7 MAART 2008

In die saak tussen:

RASHAAD MEYER Appellant

en

DIE STAAT Respondent

---

UITSPRAAK

THRING, R:

Aangesien die appellant in hierdie aangeleentheid blykbaar Afrikaanssprekend is, is ek van voornemens om die uitspraak in Afrikaans te lewer.

Die appellant het in die streekhof op vier aanklagte van verkragting en een aanklag van onsedelike aanranding voorgekom. Aan die einde van die verhoor is hy aan hierdie

/im /....

vyf aanklagte skuldig bevind, nieteenstaande sy pleit van onskuldig. Hy is egter aan 'n sesde aanklag van onsedelike aanranding onskuldig bevind.

Die klaagsters in al die aanklagte waarop hy skuldig bevind is was vier jong dogters, almal ver onder die ouderdom van 16 jaar ten tyde van die pleging van die betrokke misdade. Hulle ouderdomme was destyds 5, 6, 8 en 13 jaar onderskeidelik. Twee van hulle was die appellant se biologiese dogters, die ander twee was die dogters van 'n vrou met wie die appellant destyds 'n saamleefverhouding gehad het.

Op 22 Julie 2002 het die streeklanddros die volgende vonnis die appellant opgelê: op die vier aanklagte van verkragting is hy tot tien jaar gevangenisstraf op elke aanklag gevonnis; op die aanklag van onsedelike aanranding is hy tot ses jaar gevangenisstraf gevonnis; die landdros het egter beveel dat 16 jaar van die totale tydperk gevangenisstraf met die res moes saamloop. Effektiewelik dus is 'n vonnis in totaal van 30 jaar gevangenisstraf die appellant opgelê.

Met verlof van die streeklanddros appelleer die appellant teen die vonnisse alleen.

Ek is daarvan oortuig dat die appellant hoegenaamd nie in die streekhof gevonnis behoort te gewees het nie, en dat 'n ernstige onreëlmatigheid in hierdie verband plaasgevind het. Die feit dat die slagoffers in die vier aanklagte van verkragting almal dogters van onder die ouderdom van 16 jaar was, het tot gevolg gehad dat hierdie misdade onder Deel I van Bylae 2 tot die Strafregwysigingswet, No. 105 van 1997, sorteer. Artikel 52(1) van die Wet, soos deur artikel 34(b) van die Wysigingswet op Regterlike Aangeleenthede, No. 62 van 2000 met ingang van 23 Maart 2001 vervang is, lui in sy tersaaklike gedeeltes tans, en het ook op 22 Julie 2002, toe vonnis opgelê is, soos volg gelui:

> "Indien 'n streekhof, na –
>
> (a) ....
>
> (b) 'n pleit van onskuldig,
>
> 'n beskuldigde skuldig bevind het aan 'n misdryf bedoel in –
>
> (i) Deel I van Bylae 2 ....
>
> staak die hof die verrigtinge en verwys die beskuldigde vir vonnis soos beoog in artikel 51(1)... na 'n Hoë Hof wat regsbevoegdheid het."

Artikel 51(1) van die Wet bepaal dan soos volg:

> "Ondanks enige ander wet maar behoudens sub-artikels (3) en (6) moet 'n Hoë Hof –
>
> (a) ....
>
> (b) indien die aangeleentheid kragtens artikel 52(1) na hom vir vonnis verwys is nadat die betrokke persoon skuldig bevind is aan 'n misdryf in Deel I van Bylae 2 bedoel,
>
> die persoon tot lewenslange gevangenisstraf vonnis."

Die effek van hierdie bepalings is om die bevoegdheid van 'n streekhof om in sulke gevalle vonnis op te lê, te verwyder en om dit in die Hooggeregshof uitsluitlik te setel. In <u>DIREKTEUR VAN OPENBARE VERVOLGINGS, TRANSVAAL v MAKWETSJA</u>, 2004(2) SASV 1 (T) het BERTELSMAN, R op 10b-c (para. [23]) gesê dat –

> "... 'n streekhof geen diskresie meer het om te oordeel of die misdryf ten opsigte waarvan die beskuldigde skuldig bevind is, wanneer die misdryf in Deel I van die Tweede Bylae vermeld word, lewenslange gevangenisstraf regverdig (wat die regsbevoegdheid van 'n streekhof te bowe gaan) en of daar in die alternatief wesenlike en dwingende omstandighede bestaan wat 'n ligter vonnis gepas sou maak."

Op 10d (para. [24]) het die geleerde Regter bevind dat die streeklanddros na skuldigbevinding in so 'n geval *functus officio* is. Op 11e-f (para. [30]) het die geleerde Regter hom verder soos volg uitgelaat:

> "Die agbare streekhoflanddros kon dus die beskuldigde nie self gevonnis het nie, maar moes die verrigtinge na skuldigbevinding gestaak het en die beskuldigde vir vonnis na die Hooggeregshof verwys het."

Hierdie was 'n beslissing van die Volbank van die Transvaal Provinsiale Afdeling van hierdie Hof. Die beslissing is ongeveer drie maande later in S v MAKHUBE, 2004(1) SASV 99 (T) gevolg. DE VILLIERS, R het in daardie saak op 101e-g die volgende gesê:

> "Dit is duidelik dat die appellant deur die streekhof skuldig bevind is aan 'n misdryf bedoel in Deel I van Bylae 2 van die Wet, naamlik verkragting, waar die slagoffer 'n meisie onder die ouderdom van 16 jaar is.
>
> Dit volg dan uit die bewoording van artikel 52(1) dat die streekhof na skuldigbevinding die verrigtinge

> moes gestaak het en die appellant vir vonnis moes verwys het soos beoog in artikel 51(1) na 'n Hooggeregshof wat regsbevoegdheid het. Dat dit die korrekte uitleg van artikel 52(1) is, word bevestig deur 'n onlangse Volbank-beslissing van hierdie Hof in Direkteur van Openbare Vervolgings, Transvaal v Makwetsja saaknommer A391/2002 wat gedurende Maart 2003 gelewer is."

MAKWETSJA se saak is ook in S v LIAU, 2005(1) SASV 498 (T) gevolg. Daarin het DU PLESSIS, R bevind dat in sulke omstandighede 'n streeklanddros wat self vonnis oplê *ultra vires* optree, en dat die vonnis wat hy so oplê nietig is.

Op sterkte van hierdie beslissings en van die duidelike wetsbepalings waarna ek verwys het, kan daar myns insiens geen twyfel wees dat die vonnis wat die streeklanddros die appellant opgelê het, ongeoorloof, *ultra vires* en onbevoeg was. Omdat hy nog nie deur 'n bevoegde Hof gevonnis is nie, kan die appellant se appèl nie deur hierdie Hof aangehoor word nie, en dit moet gevolglik van die rol geskrap word.

Hierdie Hof het egter hersieningsbevoegdheid ingevolge artikel 304(4) van die Strafproseswet, No. 51 van 1977. Daarkragtens kan die vonnis tersyde gestel word en kan

hierdie Hof die bevel maak wat die streekhof behoort te gemaak het (LIAU se saak, *supra* op 503g-h).

Gevolglik is ek van voornemens om 'n soortgelyke bevel in hierdie geval te maak as dié wat in LIAU se saak, *supra* gemaak is, naamlik die volgende:

1. Die appèl word van die rol geskrap.
2. Die vonnis wat die streekhof opgelê het word ter syde gestel en vervang met die volgende bevel: "Ingevolge artikel 52(1) van die Strafwysigingswet, No.105 van 1997, word die verrigtinge gestaak en word die beskuldigde na die Hooggeregshof wat regsbevoegdheid het vir vonnis verwys, soos beoog in artikel 51(1) van die gemelde Wet."

THRING, R

DE SWARDT, WnR: Ek stem saam.

/im

/....

Madeleine de Swardt

DE SWARDT, WnR

/im

/....